# FUNKSIES VAN DIE DEPARTEMENT LANDBOU EN NATUURBEWARING

*L. MOSTERT*

DEPARTEMENT LANDBOU EN NATUURBEWARING, SEKRETARIAAT,
Privaatsak 13184, Windhoek 9000.



*Dr. L. Mostert,
Sekretaris: Departement
Landbou en
Natuurbewaring.*

Ingevolge Proklamasie Nr. AG 8 van 1980 is 'n verdeling gemaak van landboufunksies tussen die Sentrale Owerheid en die Verteenwoordigende Owerhede. Eenvoudig gestel kom dit daarop neer dat landbou-aktiwiteite wat met die grond te doen het onder die Sentrale regering resorteer, terwyl die landbou-aktiwiteite wat met die mens of dan die boer te doen het by die betrokke mens se Verteenwoordigende Owerheid tuishoort.

Die kerngedagte is dat alle grond in Suidwes-Afrika toeganklik sal wees vir alle persone, ongeag etnisiteit, en dat die persoon se Verteenwoordigende Owerheid verantwoordelikheid vir hom sal aanvaar ongeag waar hy ookal in die land bly.

Om die verdeling van funksies beter te illustreer kan die volgende voorbeelde aangehaal word: Die Grondbewaringswet het te make met die beskerming en bewaring van die grond. Die instandhouding van grondbewaringswerke maak 'n beswaring van die grond uit — die verpligtinge gaan dus oor van die een eienaar na die volgende. Alles het dus met die grond te doen gevolglik is dit die Sentrale regering se funksie. Aan die anderkant handel 'n nedersettingskema oor die vestiging van 'n boer op die grond en hulpverlening is dus op die mens gerig, daarom is dit 'n funksie van sy Verteenwoordigende Owerheid.

Die funksies wat dus by die komponente van die Sentrale Departement van Landbou en Natuurbewaring berus, is kortliks soos volg:

NATUURBEWARING:

Beskerming van die inheemse fauna en flora.
Ontwikkeling van Natuurbewaringsoorde.
Navorsing oor alle aspekte van die natuurlewe en sluit sake in wat ook van landboukundige belang is soos: Probleemdiere, varswatervis, wildsvleis.
Vang en verskuiwing van wild, asook voorsiening aan boere.

VEEARTSENYDIENS:

Dieregesondheidsdienste en beskerming van die veestapel.
Beveiliging teen binnekoms en verspreiding van epidemiese siektes.
Diagnostiese dienste.
Navorsing en entstof bereiding.
Vleis- en Suiwelhigiëne.

LANDBOU EN BOSBOU:

Beskerming, bewaring en ontwikkeling van natuurlike hulpbronne — grond, water en plantegroei.
Landboukundige navorsing.
Nasionale veeverbeteringskemas: Vleisbeesprestasietoetsskema, Melkaantekeningskema.
Plantplaagbeheer.
Nasionale herbarium — ekologiese studies, versameling en beskrywing van alle plante in SWA.
Internasionale skakeling — SARCCUS, Landbouskakelkomitee (Suider-Afrikaanse onafhanklike State).
Landboufunksues op agentskapsbasis vir Verteenwoordigende Owerhede — Boesmanland, Damaraland, ens.
Landboufinansiering — Aangewese gebiedskema — Plaasbeveiliging.
Beskerming van inheemse bosse en beskermde bome.
Navorsing oor vestiging en benutting van bome en bosse.

EKONOMIE EN BEMARKING:

Ontwikkeling van ekonomiese boerderystelsels.
Posrekordstudiegroepe — ekonomiese voorligting.
Bemarking — Beheerrade
Koöperasies.
Hulpskemas — Voedselsubsidies (brood, mielieprodukte, suiwelprodukte), Droogte en natuurrampe.
In- en uitvoerbeheer.